

Maart 2016

RHDHV Verwysing: T01.JNB.000565

DEA VERW. NO: 14/12/16/3/3/3/204 (GSK - Sentrale Toring)

14/12/16/3/3/3/205 (GSK – Paraboliese Trog)

Geagte Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party,

**OMGEWINGSINVLOEDBEPALINGS PROSES EN OMGEWINGSBESTUURSPROGRAM
VIR DIE VOORGENOME KONSTRUKSIE VAN GEKONSENTEERDE SONLIG
KRAGOPWEKKINGS (GSK) AANLEGTE ASOOK GEPAARDGAANDE
INFRASTRUKTUUR, OP DIE PLAAS SAND DRAAI 391, IN DIE SIYANDA DISTRIK
MUNISIPALITEIT, NOORD-KAAP**

Kennis geskied hiermee in terme van die Regulasies oor Omgewingsimpakbepaling (2014) gepromulgeer onder terme van Artikel 24 (5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet Nr 107 van 1998) (soos gewysig), van Solafrica se voorneme om twee (2) Gekonsentreerde Sonlig Kragopwekkings (GSK) Aanlegte asook die verwante infrastruktuur in die Siyanda Distrik Munisipaliteit op te rig.

Solafrica het Royal HaskoningDHV aangestel as 'n onafhanklike Omgewingskonsultant om die geïntegreerde Omgewingsmagtiging (OM) en afval lisensie proses asook die Publieke Deelname Proses (PDP) te onderneem vir die drie voorgestelde projekte. Die mikpunt is om drie afsonderlike Omgewingsmagtigings te ontvang vir elk van die voorgestelde projekte.

RHDHV wil u hartelik uit nooi, as Belanghebbende en/of Geaffekteerde Party (B&GP), om aktief betrokke te raak by die OIB en die publieke deelname proses.

Aangeheg sal u die projek se Agtergrond Informasie Dokument (AID) vind. Hierdie dokument voorsien alle informasie wat verband hou met die voorgestelde projekte, die Omgewingsbepaling en die publieke deelname prosesse. Die voorgestelde projekte sal bestaan uit:

- 'n 150MW Gekonsentreerde Sonlig Kragopwekkings (GSK) Aanleg gebaseer op Sentrale Ontvanger tegnologie; en

- 'n 150MW Gekonsentreerde Sonlig Kragopwekkings (GSK) Aanleg gebasseer op Paraboliese Trog tegnologie;

Dit is belangrik om daarop te let dat daar gebruik gemaak was van die B&GP databasis wat geskep was tydens die Bokpoort GSK OIE-proses, waarvoor RHDHV ook verantwoordelik was vir die OIE en gepaardgaande publieke deelname proses.

Alle belanghebbende en geaffekteerde partye word uitgenooi om enige van die openbare vergaderings wat hieronder gelys word, by te woon: Die lede van die projekspan sal beskikbaar wees om jul besorgdhede aan te spreek by hierdie vergaderings.

Datum	Tyd	Plek
29 April 2016	12h00 -14h00	!Kheis Municipal Kantore, Groblershoop

RHDHV sien uit na die ontvangs van u waardevolle kommentaar met betrekking tot die projek en ons dank u daarvoor.

Vriendelike Groete

Johan Blignaut

Omgewingskonsultant

☎:(011) 798 6436

📠: 011) 798 6436

📧:johan.blignaut@rhdhv.com